



# JAAR- VERSLAG 2014

Biblioteek- en Inligtingsdiens

Library and Information Service



UNIVERSITEIT  
STELLENBOSCH  
UNIVERSITY

# Inhoudsopgawe

1. Inleiding	1
2. Hoogtepunte van die jaar	2
3. Ons strategiese prioriteite	3
Rig biblioteekruimtes nuut in	3
Bevorder inligtingsgeletterdheid	4
Ondersteun en deel institusionele vakkundige publikasie-uitsette	5
Verbeter en verryk h omvattende reeks inligtingshulpbronne	6
Bevorder h positiewe organisatoriese kultuur van leer en innovasie onder personeellede	9
Verskaf infrastruktuur vir inligtingstegnologie wat op die voorpunt van ontwikkeling staan om die veranderende behoeftes van gebruikers te ondersteun	10
4. Spesiale Versamelings - dra tot navorsingspublikasie-uitsette by	11
5. Bemarking en kommunikasie	12
6. Slotopmerkings	13

# Biblioteekkomiteelede 2014

## VOORSITTER

**Prof TE Cloete** Viserektor: Navorsing & Innovasie

## KOMITEELEDE

<b>Prof MI Cherry</b>	Fakulteit: Natuurwetenskappe
<b>Prof LC Jonker</b>	Fakulteit: Teologie
<b>Prof JH Nel</b>	Fakulteit: Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
<b>Prof JM Pienaar</b>	Fakulteit: Regsgeleerdheid
<b>Prof JC Thom</b>	Fakulteit: Lettere & Sosiale Wetenskappe
<b>Prof JL van Niekerk</b>	Fakulteit: Ingenieurswese
<b>Prof MA Vivier</b>	Fakulteit: Agriwetenskappe
<b>Mnr J Aspeling</b>	Registrateur
<b>Me E Tise</b>	Senior Direkteur, Biblioteek- en Inligtingsdiens
<b>Me E Randall</b>	Sekretaris
<b>Me C de Kock</b>	ABR Verteenwoordiger

# Inleiding

**Die Biblioteek- en Inligtingsdiens streef daarna om die Universiteitsgemeenskap van 'n innoverende inligtingsdiens en leerruimte te voorsien. In die veranderende kommunikasieomgewing waarin ons funksioneer, vind ons kreatiewe nuwe maniere om die uitdagings wat akademiese biblioteke konfronteer te bowe te kom.**

**D**ie vakkundige kommunikasieomgewing verander voortdurend, en akademiese biblioteke moet aanpas. Ons sien dat die behoefte aan fisiese verspreiding van materiaal afneem en dat elektroniese hulpbronne die grootste deel van die materiaalbegroting in beslag neem. Nietemin sukkel biblioteke met gebrek aan ruimte vir versamelings, veral wat spesiale versamelings betref. Lavoie, Childress, Erway, Faniel, Malpas, Schaffner en Van der Werf (2014) stel dit só:

The boundaries of the scholarly record are both expanding and blurring, driven by changes in research practices, as well as changing perceptions of the long-term value of certain forms of scholarly materials. Understanding the nature, scope, and evolutionary trends of the scholarly record is an important concern in many quarters—for libraries, for publishers, for funders, and of course for scholars themselves. Many issues are intrinsic to the scholarly record, such as preservation, citation, replicability, provenance, and data curation.

Ander uitdagings sluit in katalogiseeragterstande en kommer oor die sigbaarheid van hulpbronne in die digitale omgewing.

Ten einde in gebruikersbehoeftes te voorsien, stel akademiese biblioteke hulle stelsels en versamelings nuut saam volgens die manier waarop fakulteite en studente die werkvllei van hulle navorsing en leer organiseer. Biblioteke is by gemeenskaplike benaderings tot datavaslegging betrokke, aanvaar kliëntgedrawe verkrygingsmodelle, bepleit oop toegang op

hulle kampus en adviseer navorsers oor die navorsingsproses, -uitkomste, -kundigheid, ensovoorts.

Verder is dit belangrik dat biblioteke nuwe dienste sal identifiseer en ontwikkel. Die OCLC (Online Computer Library Centre) se webwerf verklaar dat...

libraries are increasingly leveraging the raw materials of scholarship and knowledge formation by emphasizing the creation and curation of institutional research assets and outputs, including digitized special collections, research data, and researcher profiles...We are encouraging the development of new ways for libraries to build and provide these types of collections and deliver distinctive services. (Lavoie et al., 2014)

By die Universiteit Stellenbosch se Biblioteek- en Inligtingsdiens het ons ons strategiese doelwitte met dié van die Universiteit in die algemeen belyn, in die besonder die doelwitte van die Viserektor: Navorsing en Innovasie. Ons is goed geposisioneer om hierdie uitdagings te hanteer en sodoende te verseker dat ons dienste, versamelings en vakkundigheid steeds h beduidende bydrae tot die sukses van ons studente en die akademiese uitmuntendheid van ons instansie lewer.

# 2 Hoogtepunte van die jaar

**Ons het 'n reeks nuwe produkte en dienste in 2014 bekendgestel om ons dienste vir navorsings-prestasiebestuur na navorsers uit te brei en om die impak daarvan te bepaal.**

Ons het in 2014 ons dienste ten opsigte van navorsingsprestasiebestuur en die meet van navorsingsimpak aan navorsers uitgebrei met onder meer die volgende:

- 'n pasgemaakte werksessie oor navorsingsprestasiehulpmiddels,
- 'n omvattende brosjure om navorsingsteundienste te bevorder, en
- 'n besluit om 'n geskikte stelsel vir unieke-outeur-identifikasie in 2015 in te stel.

Verder het ons 'n inligtingsgeletterdheidsraamwerk uitgewerk. Dit omskryf die ontwikkeling van verskillende vlakke van inligtingsgeletterdheidsvermoëns en verwoord beginsels waarvolgens en maniere waarop inligtingsvaardighede met onderrig en leer geïntegreer kan word.

## SUNScholar-RANGLYS

Die institutionele navorsingsbewaarplek, SUNScholar, het in 2014 aanhou groei. In hulle halfjaarlikse ranglys van ooptoegang-institutionele navorsingsbewaarplekke van Julie 2014 het [The Ranking Web of World Repositories](#) SUNScholar 2de in Afrika gelys en 146ste in die wêreld (uit 1 983 navorsingsbewaarplekke).

## SPESIALE GELEENTHEDE

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens se eerste Digitale Fees is in Julie gehou. Die oogmerk was om studente en personeel bekend te stel aan elektroniese hulpbronne wat op die voorpunt van ontwikkeling staan en waartoe die Biblioteek toegang bied, op kampus sowel as van elders. Die fees het aanbiedings oor 'n verskeidenheid elektroniese bronne en dienste ingesluit, asook uitstellings wat wys hoe ons toegang tot databasisse, elektroniese vaktydskrifte en e-boeke bied. Die geleentheid is goed ontvang en ons hoop om dit in 2015 weer te doen.

Die tweede Biblioteek Navorsingsweek, met die tema "Get Research SMART @ your Library", het in Augustus 2014 plaasgevind. Met die oog daarop om die vaardighede en kennis van opkomende navorsers te ontwikkel, het ons 'n program uitgewerk wat op vier sleutelonderwerpe gefokus het:

- bronverwysing- en sitaatbestuur,
- akademiese skryfwerk,
- die opsporing van tersaaklike inligting en
- navorsingsbestuur.

Een van ons strategiese doelwitte is om navorsingsuitsette en nagraadse deurvloei te ondersteun, bevorder en verbeter. Die Biblioteek Navorsingsweek is een inisiatief waarmee ons beoog om hierdie doelwit te bereik. Hierdie geleentheid, wat nou 'n gevestigde gebeurtenis op die Biblioteek se jaarlikse kalender is, het meer deelnemers as in 2013 gelok. Ons reken dat ons met die Navorsingsweek daarin kon slaag om 'n geleentheid te skep wat ons teikengehoor se belangstelling wek. Bywoning van bepaalde sessies, terugvoer wat ontvang is en die deelnamevlakke van diegene wat die verskillende geleenthede bygewoon het, toon dat ons onderwerpe aangeraak het wat vir ons studente en navorsers tersaaklik is.

Die Navorsingsruimte Sosiale Uur is 'n inisiatief om 'n navorsersgemeenskap te skep en te bevorder en om opkomende navorsers geleentheid te bied om inspirasie te vind, idees uit te ruil, mekaar te ondersteun en sosiaal te verkeer, en om sodende 'n nuwe geslag akademici aan te spoor.

Die Biblioteek het ook, as deel van die jaarlikse Stellenbosch Woordfees, ons vyfde Dokumentesentrumlesingreeks aangebied. Dit is 'n geslaagde manier

om ons unieke erfenis met die breër Stellenbosse gemeenskap te deel.

## DIE FREDERICK VAN ZYL SLABBERT-DOKUMENTEVERSAMELING

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens het in April amptelik die kurator van dr Frederick van Zyl Slabbert se dokumentêre nalatenskap geraak. Die goeie nuus is aangekondig by die derde Van Zyl Slabbert-gedenklesing, wat jaarliks by die Frederick van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling plaasvind.

## ELEKTRONIESE BRONNE

Die US Raad het in Desember 2014 'n beleid van verpligte selfargivering (groen oop toegang) vir die Universiteit aanvaar. Die beleid, wat in 2015 in werking sal tree, sal die sigbaarheid van die Universiteit se navorsingsuitsette verhoog.

Met die oog daarop om ons versameling e-hulpbronne asook toegang tot versamelings in die algemeen te bevorder, uit te brei en te verbeter, het ons nuwe verkrygings- en lisensiéringsmodelle ondersoek om ons beperkte finansiële hulpbronne vir optimale navorsingsimpak aan te wend. Met hierdie doelwit voor oë het die Biblioteek in 2014 'n stelsel van kliëntgedrawe verkryging ingestel waarvolgens kliëntegebruik en -aanbevelings die keuse en verkryging van elektroniese bronne beïnvloed.

## VERBETERING VAN ONS WEBWERF

Ons het 'n bruikbaarheidstudie van die Biblioteek se webwerf onderneem om voorstelle in te win wat ons kan help besluit oor nuwe inligtingsontwerp, die voorkoms en gevoel, en die funksionele ontwerp van ons webwerf, ons mobiele webtuiste en die SUNSearch-geïntegreerde opspoordiens. Sodoende hoop ons om toegang tot versamelings verder te verbeter.

# 3 Ons strategiese prioriteite

## Rig biblioteekruimtes nuut in

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens het in 2014 voortgegaan om ruimtes te verbeter om hinnoverende en stimulerende omgewing te skep wat leer, onderrig en navorsing ondersteun.

In die **JS Gericke Biblioteek** het ons nuwe matte op die onderste verdieping gelê en terselfdertyd die geleentheid benut om rakke en fakulteitbibliotekaris se werkstasies te harrangskik sodat ons hbykomende oopplan-area vir studie en skootrekenaars kon inrig. Hierdie area en die studiehokkies is van 80 nuwe ergonomies vriendelike stoele voorsien, en altesaam 53 leunstoele is op albei verdiepings van die Biblioteek bygevoeg. Op die boonste verdieping is die Uitleenafdeling nuut ingerig om Interbiblioteeklenings te akkommodeer, terwyl Digitalisering en Digitale Dienste verskuif het na die ruimte wat oopgegaan het. Dit het doeltreffendheid, sigbaarheid en toeganklikheid verbeter.

Die hektering vir studente wat die Leersentrum in die JS Gericke Biblioteek gedurende 2014 besoek het, was 384 243. Dit toon duidelik dat dit steeds die voorkeurstudieplek onder voorgraadse sowel as nagraadse studente is. Die Leersentrum sal voortgaan om steun te verleen vir die Universiteit se strategiese doelwit om h dinamiese, kliëntgerigte fasiliteit te skep wat beduidend tot die suksesvolle deurvloei van voorgraadse sowel as nagraadse studente bydra.

### Leersentrum Kaartlesing 2014

- 384 243 Totale studentebesoekers
- 2 520 Gemiddelde aantal unieke besoekers per dag
- 69 513 Besigste maand: Oktober

Plekke in die Carnegie Navorsingsruimte is, soos in vorige jare, volledig beset, wat toon dat die Biblioteek h groot behoeft vervul deur h aangewese ruimte vir meesters- en doktorale studente te verskaf. Die besigste maand in die Navorsingsruimte was Oktober, met 7 797 besoekers. Die totale hektering vir 2014 was 64 152 besoekers.

Ons beplan steeds om biblioteekruimtes in twee takbiblioteke op te gradeer en nuut in te rig ten einde uitnodigende, lewendige ruimtes te skep wat studentesukses steun. Ons het met die verskillende belanghebbendes by die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe oor opgradering van hulle biblioteek vergader. Die argiteksplanne is voorgelê en ons kon eenstemmigheid oor die nuwe ontwerp bereik. Hierdie inisiatief sal in 2015 voortgesit word.

In 2014 is, as deel van die Fakulteit Teologie se meesterplan, begin om die Teologie Biblioteek nuut in te rig. Herinrigting sal in 2015 voortgaan namate meer fondse beskikbaar raak.



# Bevorder inligtingsgeletterdheid

Die Universiteit Stellenbosch is verbind tot voortgesette akademiese uitmuntendheid en sosiale relevansie, en die Biblioteek- en Inligtingsdiens het ons strategiese doelwitte belyn om steun vir leer en onderrig, navorsing en innovasie, en gemeenskapsinteraksie te verleen.


Ons het in 2014 h raamwerk vir inligtingsgeletterdheid aanvaar om die struktuur vir doeltreffende opleidingsprogramme in inligtings-geletterdheidsvaardighede te verskaf. Die raamwerk verwoord die breë beginsels en maniere waarvolgens inligtingsvaardighede met onderrig en leer geïntegreer kan word. Gebruikersgedrag het verskuif na interaktiewe aanlyn leer teen hulle persoonlike pas by die behoeftepunt. Om te verseker dat vir hierdie skuif voorsien word deurdat inligtingsgeletterdheid in kurrikula ingesluit word, het die Biblioteek- en Inligtingsdiens biblioteekgidse ontwikkel en verbeter. Die vrug van ons arbeid is te sien in die verhoogde aantal besigtigings van hierdie gidse per jaar. Die besigtigings in 2013 (87 865) het byna verdubbel in 2014 (168 055). Die impak van die gebruik van biblioteekgidse is egter nog nie bepaal nie, want dit is onduidelik hoeveel tyd kliënte bestee om daarna te kyk.

In Maart 2014 is die biblioteekgidse 32 645 keer besigig (fig. 1a). Dit stem ooreen met die tyd van die jaar wanneer die meeste studente uit alle fakulteite met navorsing vir hulle geskrewe werkstukke besig is. Dit is interessant dat, uit die lys gewildste biblioteekgidse hier onder, die nuut ontwikkelde gidse oor die navorsingsproses (*The research process*) en oor waar h mens jou navorsingsartikel kan publiseer (*Where to publish your research article*) onder die 15 heel gewildste gidse vir 2014 tel (fig. 1b). Die verbeterde weergawe van die stap-vir-stap-gids oor hoe om inligting doeltreffend op te spoor, toegang daar toe te kry en dit te gebruik (*How do I find, access*

*and use information effectively: A step-by-step guide*) was weer eens die gewildste, met 53 295 besigtigings net in 2014.

Die gewildste vakspesifieke gidse in 2014 was dié oor reg- en regeringspublikasies (*Law and government publications*) en die biblioteekgids vir sielkunde (*Psychology*) (fig. 1b). Die verhoogde gebruik van biblioteekgidse en die afname in individuele opleiding mag daarop dui dat die beskikbaarheid van biblioteekgidse die behoefte aan individuele opleiding laat afneem het (fig. 2a en 2b).


Volgens Rodriguez (2011) is die assessering van inligtingsgeletterdheids-uitkomste die mees ontwikkelde benadering om biblioteke se bydrae tot voorgraadse prestasie aan te toon. Daarom is akademiese vennootskappe en ondersteuning van kritiese belang, veral in die geval van kredietdraende inligtingsgeletterdheidsprogramme waarin inligtingsgeletterdheid uitkomste geassesseer word. Ondanks die uitdagings het ons ons reikwydte byna verdubbel, met 4 799 voorgraadse studente wat kurrikulumgeïntegreerde opleidingsessies in 2014 bygewoon het (fig. 2b). Eerstejaar- voorgraadse studente in alle fakulteite het nou die geleentheid om in te skryf vir h module waarby inligtingsgeletterdheid geïntegreer is en waarin daardie vaardighede geassesseer word. Dit is h beduidende deurbraak, maar die beste uitkoms sou wees as hierdie modules verpligtend gemaak en in die finale jaar op h meer gevorderde vlak van inligtingsgeletterdheid herhaal moes word. Die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe en die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe is die voorlopers – hulle het kurrikulumgeïntegreerde kursusse in h finalejaarmodule. Hierdie tweedevlakmodules is Sielkunde (module 18414-348 by Lettere en Sosiale Wetenskappe) en drie derdejaarkursusse by Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.




Figuur 1(a) Biblioteekgidse: totale besigtigings per maand (2013–2014)

Biblioteekgids	Totale besigtigings
How do I find, access and use information effectively: A step-by-step guide	53 292
Law and government publications	10 959
Psychology	10 122
User guide for postgraduates and researchers	8 559
Directory of South African music collections	8 377
Google and Google Scholar	7 425
Afrikaans and Dutch	6 836
Political Science	5 945
Education	5 809
The research process	4 868
Theology	4 272
RefWorks	4 198
Bibliometrics and citation analysis	2 468
Business management	2 342
Where to publish your research article	2 247

Figuur 1(b) Biblioteekgids: gewildste in 2014



Figuur 2(a) Nagraadse studente opgelei volgens tipe opleiding



Figuur 2(b) Voorgraadse studente opgelei volgens tipe opleiding

Ter ondersteuning van die Universiteit se strewe na navorsingsuitnemendheid en die verbetering van nagraadse deurvloei is verskeie opleidingsgeleenthede vir navorsers en nagraadse studente aangebied. Die Navorsingsruimte het 25 gespesialiseerde werksessies vir nagraadse studente aangebied, en 233 studente en personeel het dit bygewoon.

Die gewildste werksessie in hierdie reeks, *Mendeley for reference management and academic networking*, is twee keer aangebied en het nie net meesters- en doktorale studente gelok nie, maar ook honneursstudente uit verskillende departemente. Hierdie werksessie is ook by die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe aangebied.

Nog 297 studente het in 2014 aan ons ander generiese opleidingsprogramme vir nagraadse studente deelgeneem. Die werksessie oor hoe om jou soekstrategie te verbeter (*Improving your search strategy*) was baie suksesvol en sal in 2015 herhaal word. Die werksessies is daarop gerig om navorsers deur die navorsingsproses heen te ondersteun en om vakkundige uitsette te help verhoog. Navorsers en nagraadse studente wat nie die kontakwerksessies in ons e-klaskamer of Navorsingsruimte bygewoon het nie, kon toegang kry tot die aanlyn biblioteekgids wat vir die meeste werksessies ontwikkel is.

## Ondersteun en deel institusionele vakkundige publikasie-uitsette

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens ondersteun proaktief die uitruil van institusionele vakkundige uitsette deur bestaande navorsingsteundienste te verbeter en nuwe dienste in te stel. Die versamelings tesisse en verhandelings, navorsingsartikels en ander navorsingsuitsette in SUNScholar het aanhou groei en ons in staat gestel om navorsingsuitsette te bevorder en te verbeter. Ons het 1 009 tesisse en verhandelings tydens die gradetoekenningseisoen in April en Desember ontvang. Die versameling het ongeveer 280 000 webbesoeke in die loop van die jaar ontvang en materiaal is ongeveer 102 000 keer afgelaai. As bevestiging dat h navorsingsbewaarplek die Universiteit Stellenbosch se navorsingsuitset sigbaarder

gemaak en bevorder het, het The Ranking Web of World Repositories in hulle halfjaarlikse ranglys van ooptoegang-institusionele navorsingsbewaarplekke van Julie 2014 SUNScholar 2de in Afrika gelys en 146ste in die wêreld (uit 1 983 navorsingsbewaarplekke). Verder het die SUNJournals-platform as gasheer vir 21 vaktydskrifte opgetree, en die SUNConferences-platform as gasheer vir 5 kongresse. Dit het toegang tot die Universiteit Stellenbosch se navorsingsuitset verder verbeter.

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens het ook die akkuraatheid van Elsevier se databasis SciVal Experts verbeter deur data uit

die Researcher Administrator- en die SUNScholar-databasis gereeld by te werk in samewerking met ander afdelings vir navorsingsteun op kampus. Hierdie aksies verhoog die sigbaarheid en netwerkgeleenthede van die voorste navorsers aan die Universiteit Stellenbosch wat gereeld in geakkrediteerde eweknie-geëvalueerde vaktydskrifte publiseer.

Ons het die afgelope twee jaar ook h ander inisiatief van stapel gestuur wat die vollente-teks van hoëgehalte eweknie-geëvalueerde navorsingsuitsette van navorsers aan die Universiteit Stellenbosch sal bevorder, naamlik h beleid oor selfargivering van navorsingsartikels. Die US Raad het die beleid in Desember 2014 aanvaar en volg daarvan in die voetspore van internasionale universiteite soos Harvard asook plaaslike universiteite soos die Universiteit van Pretoria, wat soortgelyke beleide onderskeidelik in 2008 en 2009 ingestel het.

Ons het ook h ondersoek oor navorsingsdatabestuur (Eng. RDM) onderneem om te probeer duidelikheid kry oor die moontlike rol en verantwoordelikheid van RDM binne die institutionele verantwoordelikheid om navorsingsdata te bestuur en beskerm. Sodoende het ons ons deelname aan die institutionele opname oor RDM-behoeftes geformaliseer, wat kanale oopgestel het vir dialoog met ander afdelings op kampus wat navorsingsteun bied, soos die Afdeling Navorsingsontwikkeling en die Afdeling Informasietegnologie. Verder het ons h streeksbyeenkoms met die UK Digital Curation Centre gehou om te gesels oor moontlike toekomstige deelname aan opleidingsprogramme om bibliotekaris met eietydse vaardighede vir

## Verbeter en verryk 'n omvattende reeks inligtingshulpbronne

navorsingsdataslegging toe te rus.

Die Biblioteek versterk voortdurend verhoudings en belyn dienste met fakulteite en die breër Universiteitsgemeenskap in ons verskaffing van inligtingshulpbronne. Ons oogmerk met die voortgesette upgradering van die versameling is om die gehalte van studente se studie-ervaring te verbeter. Die Biblioteek verkry steeds nuwe materiaal en brei bestaande versamelings uit om nuwe fakulteitslede en opkomende velde van onderrig en navorsing te ondersteun. Die versameling word ook voortdurend geassesseer vir die waarde van die materiaal wat dit bevat, en items word ontrek weens redes soos dat die inhoud verouderd is en dat vaktydskrifte in elektroniese formaat beskikbaar is.

Die Biblioteek se verkrygings en besteding het die afgelope jare aansienlik verskuif om by die uitbreiding van elektroniese navorsingshulpbronne te baat. Voorheen is h groot persentasie van die begroting vir biblioteekmateriaal

op gedrukte items bestee. Nou bestee die Biblioteek 70% van die materiaalbegroting (vir inligtingshulpbronne) op elektroniese inhoud, hoofsaaklik navorsingsdatabasisse en aanlyn vaktydskrifte. Die materiaalbegroting dek alle koste wat h biblioteek aangaan met die aankoop van inhoud vir die biblioteek; dit sluit intekengeld op vaktydskrifte in, die koste van boeke, databasisse en belasting op toegevoegde waarde (BTW) op sulke hulpbronne.

Die materiaalbegroting vir 2014 is vanaf R50 659 906 in 2013 verhoog tot R61 241 088. Finansiële beperkings, hoofsaaklik weens die skerp daling in die waarde van die rand teenoor buitelandse geldeenheid en die feit dat die wet op die betaling van BTW sedert 1 Junie 2014 ook op ingevoerde elektroniese hulpbronne van toepassing is, het egter meegebring dat slegs die noodsaklikste hulpbronne in 2014 by die versameling gevoeg kon word.

Ondanks hierdie uitdagings het die Biblioteek aangehou om die versameling te ontwikkel en te bestuur ten einde die Universiteit se navorsings-, onderrig- en leerbehoeftes te vervul.

### GEDRUKTE BOEKE

Die versameling is in 2014 met 11 272 nuwe gedrukte boeke aangevul. Ons het 6 511 van hierdie boeke aangekoop teen h totale koste van R4 670 539.

### ELEKTRONIESE BRONNE

Elektroniese materiaal is beskikbaar, hoofsaaklik via databasisse. Hoewel hierdie groter, multidissiplinêre databasisse en vaktydskrifpakkette goed benut word, doen ons moeite om te verseker dat die Biblioteek se kliënte ook bewus is van die kleiner databasisse en pakkette waarop ons ingeteken is.

Aankope van elektroniese vaktydskrifte het steeds dié van gedrukte vaktydskrifte oortref. Ons bied toegang tot ongeveer 170 681 tydskrifartikels, wat byna almal elektronies aan ons kliënte beskikbaar is.

Figuur 4 toon die toename in die aantal titels. Dit sluit alle aanlyn vaktydskrifte in waartoe ons databasisse en tydskrifpakkette toegang verleen.

Die Biblioteek het in 2014 898 titels by ons e-boek-versameling gevoeg. Na aanleiding van die Biblioteek se strategiese plan vir 2013 tot 2014 en die eksterne evalueringspaneel van 2013 se aanbevelings het ons die gehalte van ons kernversamelings aansienlik verbeter ten einde die kurrikulum te ondersteun. Een van die opwindende ontwikkelings in biblioteekverkryging is die verskuiwing vanaf "net ingeval" na "net betyds" – sogenaamde kliëntgedrewe verkrygings. Kliëntgedrewe verkrygings is h sakemodel wat vooraf uitgesoekte e-boeke vir gebruik beskikbaar stel en sodoende nie net korttermynlenings teen h persentasie van h boek se prys genereer nie, maar ook onbeperkte toegang kan bewerkstellig deurdat h boek aangekoop word. Danksy h stelsel van mediasie kan die Biblioteek intree waar nodig.

Die kliëntgedrewe verkrygings-sakemodel het ons in staat gestel om US-kliënte korttermyntoegang tot ongeveer 25 000 boeke op ProQuest se EBL-platform te bied. Die gebruik van hierdie titels het moontlike aankope gestimuleer, wat deur die Biblioteek gemedieer is. Die model stel ons in staat om titels onmiddellik te verkry op grond van kliënte se onmiddellike behoeftes, en bied h kostedoeltreffende meganisme om die raaiwerk uit verkrygingskeuses te haal. Altesaam 357 titels, ter waarde van \$42 325 ( $\pm$ R509 000) is ingevolge die kliëntgedrewe verkrygings-model aangekoop.

Nuwe inligtingshulpbronne wat in 2014 verkry is, sluit 8 nuwe databasisse in:

**ClinicalKey** – h soekenjin en databasis van eweknie-geëvalueerde en bewysgebaseerde kliniese inligting oor 52 spesialiteitsveldes, met inhoud uit Elsevier se aanlyn mediese portefeuille

**Literary Encyclopedia** – h vakkundige aanlyn literêre verwysingsbron vir lezers in Engels, wat biografieë van bekende en minder bekende skrywers publiseer asook vakkundige omskrywings van tekste deur hierdie outeurs, en h verskeidenheid beskrywende en kritiese essays oor literêre, kulturele en historiese aangeleenthede


**Die IBFD Tax Research Platform** – bied inligting en opvoeding van hoë gehalte oor internasionale belasting; IBFD – die voorste gesag wêrelwyd oor oorgrensbelasting

**PSYCTests** – opgestel deur die Amerikaanse sielkunde-vereniging en dien as bewaarplek van sielkundige toetse en -meetinstrumente; ook h bron van gestruktureerde inligting oor toetse wat van belang is vir sielkundiges en professionele persone in verwante dissiplines soos psigatrie, bestuur, besigheid, opvoedkunde, sosiale wetenskap, neurowetenskap, regsgelerdheid, geneeskunde en maatskaplike werk


**Case Law of Zimbabwe** – by ons bestaande stel regsdatasbasisse van JUTA gevoeg

**EasyData** – die omvattendste versameling van Suid-Afrikaanse makro-ekonomiese, bedryfs-, handels- en streeksaanwysers

**Sports Medicine and Exercise Science in Video** – h uitgebreide videoversameling oor fiksheid en gesondheidsassessering, siektebestuur, die behandeling van beserings, mediese fiksheid, sportwetenskap en veel



Figuur 3: Grootte van gedrukte versameling 2004–2014



Figuur 4: Volteks-vaktydskrifte wat via die Biblioteek se A-Z-lys vir 2007–2014 beskikbaar is.

meer; internasional bekende kundiges deel met die kyker inligting, idees en insigte oor die beginsels, tegnieke en modaliteit van hedendaagse oefeningwetenskap en sportgeneeskunde

**JoVE** – h vaktydskrif vir gevisualiseerde eksperimente, die eerste eweknie-geëvalueerde wetenskaplike videojoernaal ter wêrelde; JoVE publiseer wetenskaplike navorsing in visuele formaat om navorsers te help om twee van die grootste uitdagings te oorkom waarvoor die wetenskaplike navorsingsgemeenskap vandag te staan kom: swak reproducerebaarheid en die hoeveelheid tyd en arbeid wat dit verg om nuwe eksperimentele tegnieke aan te leer

## DIE GEBRUIK VAN ELEKTRONIESE HULPBRONNE

Die neiging na verhoogde gebruik van e-hulpbronne het die afgelope jaar voortgeduur. Soos in vorige jare het die Biblioteek nie net toegang tot h groot verskeidenheid aanlyn hulpbronne verskaf nie, maar ook gereeld opleidingsessies aangebied oor hoe om die beste hulpbronne uit te soek en dit dan doeltreffend te benut. Ons span verskeie hulpmiddels in om kliënte se aandag op die Biblioteek se e-hulpbronne te vestig. Skyfies word weekliks op die Biblioteek se webblad en die plasmaskerms in die hoof- en takbiblioteke vertoon. Verder het die Biblioteek h Digitale Fees gehou om studente en personeel bekend te stel aan hulpbronne wat

op die voorpunt van ontwikkeling staan en waartoe die BID toegang bied.

Ons voorsien dat die jongste neiging van verhoogde gebruik van e-hulpbronne in 2014 (altesaam 1 442 342 volledige tekste is afgelaai, vergeleke met 964 901 in 2013) in komende jare sal voortduur. Ons brei steeds ons hulpbronne uit om fisiese sowel as digitale formate te omvat; opsporing en toegang vind fisiek én virtueel plaas. Figuur 5 is gegrond op die aantal volledige artikels wat per databasis afgelaai is.

### OOPTOE GANGSPUBLIKASIEFONDS

Hierdie fonds is gestig om navorsers aan die Universiteit Stellenbosch te help om in ooptoegangsvaktydskrifte te publiseer. Die fonds is die grondslag van die Biblioteek en die Universiteit se groter mandaat om ooptoegangsinisiatiewe te ondersteun, om toegang tot kennis te verbreed, om navorsingsuitsette op alle vlakke in die instelling te ondersteun en om die hoë koste van intekengeld wat die Biblioteek verskuldig is te help bestuur.

Aanvanklik is R600 000 in 2014 uit die materiaalbegroting aan die Ooptoegangspublikasiefonds toegeken om steun aan die fonds voort te sit. Die aanvraag om fondse vanaf US-navorsers in 2014 het die Biblioteek egter genoop om die Ooptoegangspublikasiefonds uit ander Biblioteekfondse aan te vul. Die Biblioteek het 91 aansoeke om ooptoegangspublikasiefondse goedgekeur. Ooptoegang-artikelfooie ten bedrae van R1 128 612 is goedgekeur. Die vaktydskrifte is op 14 verskillende platforms gepubliseer.

Sedert die ontstaan van die Ooptoegangspublikasiefonds in 2009 het die Biblioteek altesaam 297 artikels befonds, wat ongeveer R3 348 000 beloop. Uit hierdie artikels het 277 in geakkrediteerde vaktydskrifte verskyn, en 20 in nie-geakkrediteerde vaktydskrifte.

Databasis	Aantal volledige tekste afgelaai in 2014
ScienceDirect	509 863
LexisNexis Law Database South Africa	203 483
JSTOR	163 129
Wiley Online Library Full Collection	130 784
Taylor and Francis SSH and S&T Journals	100 107
McGregor BFA	83 910
Springer/Kluwer-pakket van volledige tekste-vaktydskrifte	75 403
EBSCOhost: Academic Search Premier	73 594
SA ePublications	56 229
EBSCOhost Business Source Premier	45 840
<b>TOTAAL</b>	<b>I 442 342</b>

Figuur 5: Top 10 databasisse: Aantal volledige tekste afgelaai in 2014

Figuur 6 toon die aantal artikels wat per jaar per fakulteit befonds is sedert die Ooptoegangspublikasiefonds in 2009 gestig is.

### VERBETERDE OPSPORING VAN EN TOEGANG TOT HULPBRONNE

As deel van die Biblioteek se pogings om die US se biblioteekrekords toegankliker te maak, het ons in opleidingsgeleenthed vir personeel oor hulpbronbeskrywing en -toegang (RDA) benut om begrip van hierdie nuwe katalogiseringstandaard te verbeter. Terselfdertyd het ons die terugwinningsprojek van stapel gestuur om die gehalte van die Biblioteek se databasis te verbeter met die oogmerk om ons katalogus sigbaar te maak in die Online Computer Library Centre (OCLC) se WorldCat, h saamgestelde katalogus wat die versamelings van biblioteke oor die wêreld heen volgens items lys. Meer as 9 000 items was in die Biblioteek se 2014-katalogus ingeskryf op die tydstip toe ons versameling op WorldCat bygevoeg is.

Omgewing	Jaar							Totaal
	2009	2010	2011	2012	2013	2014		
AgriWetenskappe	0	2	7	5	9	8	31	
Lettere en Sosiale Wetenskappe	2	0	1	2	3	5	13	
Sentrum vir Onderrig en Leer	0	0	1	1	0	0	2	
Kantoor vir Studente met Spesiale Leerbehoeftes	0	0	0	0	1	0	1	
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	0	0	0	2	12	6	20	
Opvoedkunde	0	0	0	0	0	1	1	
Ingenieurswese	0	0	0	0	3	3	6	
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	1	9	20	26	36	40	132	
Natuurwetenskappe	0	3	2	10	15	8	38	
Theologie	0	0	0	10	23	20	53	
<b>TOTAAL</b>	<b>3</b>	<b>14</b>	<b>31</b>	<b>56</b>	<b>102</b>	<b>91</b>	<b>297</b>	

Figuur 6: Omgewings se gebruik van die Ooptoegangspublikasiefonds: Aantal artikels

# Bevorder 'n positiewe organisatoriese kultuur van leer en innovasie onder personeelde

**Ons beskou personeelde as ons grootste bate en 'n deurslaggewende faktor in die ondersteuning van die Universiteit se kernbedrywighede – onderrig en leer, navorsing, en gemeenskapsinteraksie, met studentesukses, kennisgrondslag, diversiteit en sistemiese volhoubaarheid as fokusgebiede.**

Die hoofdoelwit van die opleidings-en-ontwikkelingsplan vir Biblioteekpersoneel is om personeelde se vaardighede op te bou en uit te brei sodat hulle topgehalte dienste doeltreffend en effektief aan kliënte kan lewer.

Verskeie opleidingsgeleenthede is geïdentifiseer en bygewoon om te verseker dat personeel op gelykevlak met internasionale praktyk in die biblioteekwese is. Ons moedig kreatiewe denke, innovasie en aktiewe betrokkenheid by professionele liggame aan.

## Sommige hoogtepunte van die jaar:

- Suid-Afrika het die OCLC se streeksbyeenkoms vir Europa, die Midde-Ooste en Afrika in Februarie 2014 in Kaapstad aangebied en 22 personeelde het die geleentheid gekry om hierdie uitstekende en insiggewende byeenkoms by te woon.
- Ellen Tise is tot die OCLC se raad van trustees verkies, h pluimpie vir die Biblioteek- en Inligtingsdiens.
- Mimi Seyffert het IFLA (die internasionale federasie van biblioteekverenigings) se 2014-konferensie in Lyon, Frankryk bygewoon om die prys te ontvang vir die derde plek wat die Biblioteek- en Inligtingsdiens vir IFLA se 12de internasjonale bemarkingstoekenning behaal het.
- Die Biblioteek- en Inligtingsdiens was ook teenwoordig by die 12de SAOIM (Suid-Afrikaanse byeenkoms oor aanlyn inligting), wat in Junie in Johannesburg plaasgevind het, asook by die jaarlikse kongres van LIASA (die biblioteek- en inligtingsvereniging van Suid-Afrika), wat in Oktober 2014 gehou is.
- Een van die Biblioteek se strategiese doelwitte is om navorsingsteun te verskaf en om navorsingsuitset en

nagraadse deurvloei te verbeter. Om te verseker dat ons personeel behoorlik vir hierdie uitdaging toegerus is, het ons personeelde aangemoedig om die REPM-kongres (oor die beoordeling en meting van navorsingsprestasie) in Mei 2014 by te woon.

- Verskeie personeelde het vir formele studies ingeskryf, op voorgraadse sowel as nagraadse vlak.
- Die interne komitee vir personeelontwikkeling het verskeie sessies deur die jaar heen gereël om die persoonlike groei en welwees van Biblioteek- en Inligtingsdiens personeel te bevorder en hulle werkplekvaardighede te verbeter. Hierdie sessies het die vorm aangeneem van ontwikkelingsure, pretgeleenthede, konferensieterugvoer en welweesaktiwiteite.
  - Ons het nege ontwikkelingsure in 2014 gehou. Die program het bestaan uit sessies met genooide sprekers, konferensieterugvoer en inligtingsessies oor nuwe vaardighede wat aan die hand van die personeelvaardigheidsopname van 2013 bepaal is.
- Die Biblioteek het ook saam met die US se Welweeskomitee gewerk om ons personeel aan te moedig om aan fiksheidsaktiwiteite en uitreikaksies deel te neem, soos Welwees se maandelikse etensuurpraatjies, die Pretloop in April 2014, die Toasties For Tummies-inisiatief, Loslitdag-aktiwiteite, die US se Sportdag vir Personeel op 24 Oktober 2014 en die insameling van broodsakkieknippies vir rolstoele. Die Biblioteek- en Inligtingsdiens se oogmerk met hierdie uitreikaksies was om steun te verleen aan die Universiteit se strategie om na gemeenskappe in en rondom Stellenbosch uit te reik.

# Verskaf infrastruktuur vir inligtingstegnologie wat op die voorpunt van ontwikkeling staan om die veranderende behoeftes van gebruikers te steun

**SUNDigital Collections, die Biblioteek se digitale erfenisversamelings wat in 2013 van stapel gestuur is, huisves nou 22 versamelings met altesaam 4 293 items.**

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens het in 2014 voortgegaan om ons bestaande struktuur vir fisiese sowel as virtuele steun aan studente en navorsers algaande te verbeter.

Die infrastruktuur van die Wi-Fi® -netwerk in die JS Gericke Biblioteek is opgegraderen deurdat 22 nuwe koordlose toegangspunte in werking gestel is. Die eindresultaat is dat 80% van alle studie- en rekenaargebruiksareas in die gebou nou stabiele koordlose internettoegang het. Nog 11 koordlose toegangspunte sal in gebruik geneem word om te verseker dat ons 100% dekking van die hele gebou kan handhaaf.

Ten einde ons virtuele dienste te verbeter, het ons 'n bruikbaarheidstudie van ons webwerf onderneem. Moontlike gebreke in die inligtingsontwerp, inhoud en opsporingskomponente van die webwerf is ondersoek. Die bruikbaarheidstudie het swaar gestaan op die direkte deelname van ons kliënte deur middel van fokusgroepbesprekings en oefenlopies om gebruikers se ervaring te toets. Die aanbevelings van die studie sal as basis dien vir die ontwerp van 'n byderwetse webblad en inligtingsportaal met die oog op verbeterde toeganklikheid tot noodsaklike inligtingshulpbronne wat vir navorsing en vir onderrig en leer gebruik word.

'n Nuwe opsporingsdienstoepassing van OCLC is in 2014 ingestel om die bestaande opsporingsdiens van die biblioteeksagtewareverskaffer Ex Libris te vervang. Hierdie nuwe diens skakel volledig in by die OCLC se WorldCat-database en -kennisbasis, en bied sodoende toegang tot 'n omvattende reeks bibliografiese rekords en versamelings van instellings wat in die OCLC se WorldCat- saamgestelde katalogus verskyn. Die inwerkingstelling van hierdie opsporingsdiens dien ook as voorloper van die uiteindelike aanvaarding van 'n volledige pakket nuwgenerasie-biblioteekstelsels.

Die Afdeling Digitalisering en Digitale Dienste is in 2014 herstruktureer om die bestuur van die Biblioteek se digitale bewaarplekke en ons platforms vir ooptoegangvaktydskrifte en konferensiebestuur in te sluit. Twee nuwe poste is in die nuwe afdeling geskep: Bibliotekaris vir Digitale Dienste, en Beampte vir Digitale Dienste. Die nuwe afdeling het 'n projek wat in 2013 begin is om 2 961 US-tesisse en -verhandelings wat tussen 2000 en 2005 geskryf is, te digitaliseer in 2014 voortgesit. Alle items is gedigitaliseer en die volledige teks is met 'n skakel aan die bibliografiese rekords in SUNScholar verbind. Ons beplan om die finale redigering van hierdie bibliografiese rekords in 2015 af te handel.

SUNDigital Collections, die Biblioteek se digitale erfenisversamelings wat in 2013 van stapel gestuur is, huisves nou 22 versamelings met altesaam 4 293 items. Drie nuwe versamelings is gedurende 2014 bygevoeg en die redigering van bestaande versamelings het deur die jaar heen voortgegaan. Die inisiatief dra steeds by tot die oogmerk om 'n volledige reeks inligtingshulpbronne te verbeter en uit te brei.

# 4




# Spesiale Versamelings – dra tot navorsingspublikasie-uitsette by

Die Biblioteek se Afdeling Spesiale Versamelings het steeds oorspronklike bronmateriaal ter ondersteuning van navorsing, onderrig en leer verkry.

Onder die belangwekkende boek- en nie-boek-versamelings wat bekom is, is dié van Dr F van Zyl Slabbert, die toonaangewende wit anti-apartheid-politikus en sakeman wat nou bande met die Universiteit Stellenbosch gehad het – as student en dosent in die 1960's en later as kanselier. Sy versameling bestaan uit boeke sowel as dokumente wat met sy loopbaan verband hou. Die versameling bevat ook h magdom inligting oor breër maatskaplike en politieke aangeleenthede. Die Biblioteek het, met behulp van befondsing vanaf die viserektor vir navorsing en innovasie, h projek geloods om die rekords vir digitalisering en toegang deur die publiek voor te berei. h Kontrakbibliotekaris wat in spesiale versamelings spesialiseer is gevolglik in Mei 2014 aangestel om die Van Zyl Slabbert-versameling te help voorberei.

Navorsers het deur 2014 heen uit die unieke versamelings en materiaal in die Afdeling Spesiale Versamelings geput. Hier onder is party van die tasbare uitkomste van navorsing wat binne die afdeling gedoen is:

- *DF Malan en die opkoms van Afrikaner-nasionalisme*, en die ekwivalente Engelse titel, *DF Malan and the rise of Afrikaner nationalism*, albei deur Lindie Koorts. Kaapstad: Tafelberg, 2014. Lindie Koorts het die DF Malan-versameling, wat in die Dokumentesentrum gehuisves word, omvattend gebruik om haar boek te skryf. Sy het ook die AC Cilliers-, GC Cillié-, HB Thom-, MER-, PA Weber- en PJ Cillié-versameling geraadpleeg, wat alles in die Dokumentesentrum gehuisves word.
- *The Somme chronicles: South Africans on the Western Front* deur Chris Schoeman. Kaapstad: Zebra Press, 2014. Chris Schoeman het materiaal in die Africana-versameling gebruik, en gee erkenning vir die hulp van Spesiale Versamelings-personeel met sy navorsing vir die skryf van die boek.
- *Hoogty: die opploei van 'n koloniale kultuur aan die Kaap, 1751-1779* deur Karel Schoeman. Pretoria: Protea Boekhuis, 2014. Karel Schoeman het materiaal van Spesiale Versamelings gebruik, en gee erkenning vir die hulp van Spesiale Versamelings-personeel met sy navorsing vir hierdie boek.
- *Buy's: 'n grensroman* deur Willem Anker. Kaapstad: Kwela, 2014. Willem Anker het kaarte in die Africana-versameling gebruik asook inligting oor Coenraad de Buy's.
- *Nagmusiek* deur Stephanus Muller. Johannesburg: Fourthwall Books, 2014. Stephanus Muller het hoofsaaklik die Arnold van Wyk-versameling benut. Hy het ook die Audrey Blignault-versameling geraadpleeg. Albei versamelings was in die Dokumentesentrum gehuisves, maar die Arnold van Wyk-versameling is intussen na DOMUS (die Dokumentasiesentrum vir Musiek) verskuif.
- *About the Thoms, for the Thoms, and by the Thoms* deur Jackie Thom en Craig Thom. Privaat gepubliseer, 2014. Jackie en Craig Thom het die George Thom- en die HB Thom-versameling geraadpleeg, wat albei in die Dokumentesentrum gehuisves word.
- *Die troebel toekoms van Afrikaans en Afrikaners*, deur Hermann Giliomee. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Des. 2014. Hermann Giliomee met materiaal in die Africana-versameling en die Dokumentesentrum gebruik om hierdie vaktydskrifartikel te skryf.
- *Writing and contextualising local history: a historical narrative of the Wellington Horticultural Society (Coloured)*, deur Francois J Cleophas. *Yesterday and Today*, Nr. 11, Julie 2014. Francois Cleophas het materiaal in die Africana-versameling gebruik om hierdie vaktydskrifartikel te skryf.



# 5

## Bemarking en kommunikasie

**Die Universiteits-gemeenskap is in 2014 voortdurend op hoogte gehou van belangwekkende aktiwiteite en gebeure.**

Die Biblioteek se elektroniese nuusbrief, BibNuus, het in April, Julie en Desember verskyn en is deur middel van die Biblioteek en Universiteit se nuusblogs versprei. Berigte wat die nuusbrief gehaal het, was oor nuwe personeellede wat aangestel is, gebeure soos Sosiale Uur in die Navorsingsruimte, die Suid-Afrikaanse Biblioteekweek, die Biblioteek se Digitale Fees, Biblioteek Navorsingsweek, nuwe dienste, nuwe en belangwekkende elektroniese hulpbronne en ons digitale versamelings.

Die Biblioteek het ook voortgegaan om sosiale media soos Twitter en Facebook te gebruik om met ons kliënte te kommunikeer. Die Biblioteek- en Inligtingsdiens se Facebook-blad het nou 521 likes (vergeleke met 437 op die ooreenstemmende tydstip verlede jaar) en 232 persone volg ons op Twitter.

## Hoogtepunte uit 2014

### DIE BIBLIOTEEK DIGITALE FEES

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens se eerste Digitale Fees is op Vrydag 25 Julie gehou. Die oogmerk was om US-studente en -personeel bekend te stel aan elektroniese hulpbronne wat op die voorpunt van ontwikkeling staan en waartoe die Biblioteek toegang bied, op kampus sowel as van elders.

Die Digitale Fees het drie komponente gehad: Eerstens het die Biblioteek kort inleidende aanbiedings in die JS Gericke Biblioteek se elektroniese klaskamer gedoen oor 'n verskeidenheid elektroniese bronne en dienste wat beskikbaar is. 'n Voorbeeld hiervan is JoVE, die eerste eweknie-geëvalueerde videojoernaal ter wêreld. Tweedens was daar die 'fees' self, wat bestaan het uit stalletjies en uitstallings wat studente en personeel heeldag lank kon besoek. Verskaffers soos Elsevier (ScienceDirect, Scopus), Thomson Reuters (Web of Science), InetBFA, Ebsco, LexisNexis en Juta het stalletjies gehad waar hulle demonstreer het hoe toegang tot hulle databases, e-vaktydskrifte en e-boeke op mobiele toestelle verkry en gebruik kan word. Derdens het die Biblioteek as deel van 'n bruikbaarheidstudie oor ons webwerf 'n opname oor 'n mobiele webwerf gedoen. Die opname het 'n hoë responskoers opgelewer, en 149 respondentie het deelgeneem. Studente en personeel wat die stalletjies besoek het, het 'n gratis koopbewys vir 'n koffie en 'n oliebol by DCM in die Neelsie Studentesentrum ontvang. Daar was ook 'n gelukstrekking vir 'n aantal pryse.



Prof Eugene Cloete, Viserektor Navorsing en Innovasie, en Me Ellen Tise, Senior Direkteur van die Biblioteek- en Inligtingsdiens, by die eerste Digitale Fees.



Een van die stalletjies by die Digitale Fees.

### BIBLIOTEEK NAVORSINGSWEEK

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens het van 4 tot 8 Augustus 2014 ons tweede Biblioteek Navorsingsweek gehou. Die oorkoepelende tema van die week was dieselfde as in 2013: "Get Research SMART @ your Library". 'n Program is uitgewerk met vier fokusareas, naamlik bronverwysing- en sitaatbestuur (Bestuur dit!), akademiese skryfwerk (Skryf dit!), hoe om tersaaklike inligting op te spoor (Vind dit!) en navorsingsbestuur (Beheer dit!).

Biblioteek Navorsingsweek is nou 'n vaste gebeurtenis op die Biblioteek se jaarlikse almanak. Ons het in 2014 meer gebruikers bereik as met ons eerste poging, in 2013. Bywoning van bepaalde sessies, terugvoer wat ontvang is en



Prof Jannie Hofmeyer bied 'n lesing aan by die Biblioteek Navorsingsweek.

die deelnamevlakte van diegene wat die verskillende geleenthede bygewoon het, toon dat ons onderwerpe aangeraak het wat vir ons studente en navorsers tersaaklik is.

### SOSIALE UUR IN DIE NAVORSINGSRUIMTE

Ons het drie keer in 2014 h Sosiale Uur in die Navorsingsruimte gehou. Drie gaste is genooi om met opkomende jong navorsers oor hulle kundigheid oor die opbou van 'n navorsingsloopbaan te kom gesels. Al drie geleenthede is goed bygewoon en daar was tyd vir bespreking en sosiale interaksie, wat as h waardevolle uitkoms van die Navorsingsruimte se Sosiale Uur gereken word.

- Dr Nox Makunga van die Departement Plant- en Dierkunde het die eerste praatjie van die jaar op Vrydag 16 Mei gelewer met die titel *From rural lands to wine lands ... a personal account of a medicinal plant scientist*.
- Prof Linus Opara van Hortologiese Wetenskappe het op Vrydag 8 Augustus h praatjie as deel van Biblioteek Navorsingsweek gelewer met die titel *Building a multi-disciplinary career: experiences of an engineer among agriculturists*.
- Prof Jacques du Plessis van die Departement Privaatrede het op Vrydag 17 Oktober h praatjie gelewer met die titel *The roads of research*.



Uitstallings by die Biblioteek Navorsingsweek.



# 6 Slot-opmerkings

Die Biblioteek se jaar onder beskouing is weer eens deur innovasie en prestasies gekenmerk. Die oogmerk was om die Biblioteek te posisioneer sodat dit tot die verwesenliking van die Universiteit se drie oorhoofse strategiese prioriteite bydra, naamlik om toegang te verbreed, die momentum van uitnemendheid te behou en maatskaplike impak te verbeter. Wat onderrig en leer betref is die Biblioteek daartoe verbind om steeds al ons biblioteke in lewendige en verwelkomende fisiese en virtuele ruimtes te omskep, om met fakulteite in vennootskap te gaan om inligtingsgeletterdheidsvaardighede te ontwikkel, en om h volledige reeks inligtingshulpbronne te verbeter en uit te brei. Ook wat die Universiteit

se strategiese prioriteite betref het die Biblioteek goed gevorder in die verskaffing van steun om navorsingsuitsette en nagraadse deurvloei te bevorder en verbeter met behulp van 'n reeks nuwe dienste wat goed ontvang en benut is deur ons gebruikers. Die rol van die akademiese biblioteek ontwikkel steeds snel. Met dit in gedagte gaan die Biblioteek in 2015 h nuwe strategiese plan uitwerk om inisiatiewe uit die verlede uit te brei en daarop voort te bou, en om steeds te help om die Universiteit Stellenbosch as h inklusiewe, innoverende en toekomsgerigte instelling uit te bou.

Die Biblioteek wil graag ons waardering uitspreek teenoor die Universiteit se Uitvoerende Bestuur, die dekane en lede van die Senaat se biblioteekkomitee vir hulle belangstelling in die Biblioteek en hulle ondersteuning vir en bydrae tot die doeltreffende funksionering van al ons biblioteke.

h Spesiale woord van dank aan alle Biblioteekpersoneel vir hulle uitmuntende en harde werk in 2014, en vir hulle voortgesette bydrae tot die Biblioteek- en Inligtingsdiens se uitstekende en innoverende dienste.